

# Sondag 6 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 16:16-40 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Handeling 16:30b, 31

## Die Gees gee geleentheid

Daar kom sekere geleenthede wat die Here op ons pad plaas om die evangelie te verkondig. Daar is elke dag so 'n geleentheid.

Meestal kom dit nie so dramaties soos met Paulus en Silas in die tronk beleef het nie. Of soos Paulus op pad na Damaskus. Of Jona nie. Maar jou doen is al getuienis, soos om gereeld Sondae kerk toe gaan. Die bure bemerk dit tog. In jou gesprekke met die bedelaar op straat. Dit mag dalk vir jou vrugtelos lyk en klink na 'n afjak of 'n rug draai. Maar dit is 'n geleentheid op jou pad.

Die tronkbewaarder was so 'n geleentheid. "Hoe moet ek maak om gered te word?" Hy praat nie oor die aardbewing en die gevangenes wat nie weg is nie. Paulus vertel vir hom van Jesus. Van die verlossing. Van die genade. Die vertel van die Woord van God. Die Gees het dit in hom gewerk. Hy kon hoor hoe hulle vroeër lofsange aan die Here gesing het, al het hy nie die Here geken het nie. Die Gees werk in hom sodat hy vra: Wat moet ek doen om gered te word? Hy besef: Hier is die waarheid en hy gryp daarna.

Wees bedag oor hoe jy optree en praat vandag. Jy het die waarheid. Jy weet van Jesus en die kruis en verlossing. Ander sien goed raak hoe jy as gelowige optree. Ons het mos die spreekwoord: Woorde wek, maar voorbeelde trek. Daardie besondere "iets" wat jy as gelowige het. Gaan versigtig daarmee om en ander sal vra: Wat moet ek doen om ook so te wees?

*Sing: Skrifberyming 14-1:3*

*Dr. JM van Tonder (Kobus) (Emeritus)*